KLEINVEE

Abel Jordaan, Dormerteler
JOR Dormers, Cradock

Abel het dit aan sy vrou, Doreen, te danke dat hy 'n paar jaar gelede nie van sy Dormerstoet ontslae geraak het nie. 'Sy het vir my gesê 'n mens verkoop nie iets waarvoor jy so lief is nie,' vertel hy.

Abel, gebore en getoë op Cradock in die Oos-Kaap, het in 1970 saam met sy pa, Charles, en sy broer, Fred, begin boer nadat hy 'n kursus aan die Grootfontein Landboukollege voltooi het. Dit was in dié tyd dat sy pa eenkeer Vrystaat toe is om 'n selfbinder te koop, maar toe met 50 Dormerooie teruggekom het. Die ooie is by Hannes van Zyl van Boesmanskop naby Wepener gekoop.

In daardie jare kon jy nog diere vervoer met die passasierstrein, vertel Abel. 'Daar was hokke in die kondukteurswa en so het ons vir baie jare elke jaar 'n ram laat kom wat ongesiens gekoop is van Wilhelm Louw van Klipheuwel.'

Abel sê met die Dormerbedryf het dit in 'n stadium moeilik gegaan, en hy skryf dit toe aan die baie hoë pryse wat betaal is vir swart kruisrasvelle. Hy het dit toe ernstig oorweeg om sy stoet te verkoop, maar danksy sy vrou se oorreding het hy daarteen besluit. Vandag is sy stoet sy trots. 'Vir my is die hoë reproduksie, aanpasbaarheid en vinnige groei van die lammers die beste eienskap van die Dormerras,' vertel Abel, en voeg by dat Dormers vir Doreen die mooiste skaapras is. 'Dan het hulle nog intelligente gesigte ook. Hulle lyk nie so dom soos die spreekwoordelike "dom soos 'n skaap" nie.'

Oor die jare het Abel gereeld aan skoue deelgeneem en al heelwat trofees met sy diere gewen. ''n Besonderse toekenning was die trofee wat ek gewen het vir die voortreflikste span ramme op die nasionale veiling in September 2007. Daardie span van sewe ramme is vir 'n gemiddeld van R17 000 verkoop,' vertel Abel, wat reeds sedert 1995 lid is van die Dormertelersgenootskap.

Abel en Doreen het twee dogters, Michelle (31) en Shirma (29), albei getroud, en 'n ongetroude seun, Charles (22). Laasgenoemde woon op die plaas en het ook boerdery in sy bloed.

'Ons is nou in die proses waar ek die boerdery oorlaat in sy hande. Dus is ek nou in adviserende hoedanigheid (hoewel Charles 'n ander woord vir dit het) op die plaas en help met die rekordhouding,' sê Abel. Dit gee hom die geleentheid om te doen wat hy geniet, soos musiek luister, lees, 'n goeie fliek kyk of sommer die motor pak en gaan kuier by sy kleinkinders, Janro (18 maande) en Ankia (2 maande).

Abel bly ondanks sy suksesse as boer en teler 'n nederige mens. 'Alles wat ek deur die jare ontvang en geniet het, is net Genade, en daarvoor is ek baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader,' sê hy.

Finaliste

Koos van der Westhuizen, British Alpine-teler van Middelpos (vorige finalis)
Elzette van Rooyen, Ile de France-teler van Elzé Stoet, Clocolan (vorige finalis)
John Morrison, Inheemse Veldbok-teler van Bainsvlei
WA Copeman, Corriedale-teler van Cradock (vorige finalis)